



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

EKONOMIE V2

2021

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:

AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste getal vrae. Addisionele antwoorde sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Lees die vrae aandagtig deur.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. Laat 2–3 reëls tussen onderafdelings van vrae oop.
7. Beantwoord die vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vereistes van die vrae voldoen.
8. Gebruik slegs swart of blou ink.
9. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
10. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****30 PUNTE – 20 MINUTE**

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.9 D.

1.1.1 Insetkoste wat deur 'n entrepreneur besit word en gedurende die produksieproses gebruik word, word as ... koste beskou.

- A eksplisiete
- B vaste
- C veranderlike
- D implisiete

1.1.2 'n Markstruktuur waar daar geen toegangsbelemmering bestaan nie, word 'n ... mark genoem.

- A volmaakte
- B monopolie-
- C oligopolie-
- D monopolisties-mededingende

1.1.3 Wanneer een dominante firma die prys verander en ander volg, word dit as prys-... beskou.

- A leierskap
- B neming
- C differensiasie
- D diskriminasie

1.1.4 Samespanning is 'n ooreenkoms tussen firmas om mededinging te ...

- A bevorder.
- B laat ooreenstem.
- C reguleer.
- D beperk.

1.1.5 'n Toestand van lae ekonomiese groei, hoë werkloosheid en hoë inflasiekoerse, word ... genoem.

- A hiperinflasie
- B hooflyninflasie
- C stagflasie
- D kerninflasie

1.1.6 Die terrein wat met vyf verskillende ekosisteme spog:

- A Vredefortkoepel
- B iSimangaliso-vleilandpark
- C Sterkfonteingrotte
- D uKhahlamba-Drakensbergpark

1.1.7 Kostedruk-inflasie kan die gevolg van ... wees.

- A maklike toegang tot krediet
- B depresiasie van die geldeenheid
- C verhoogde owerheidsbesteding
- D vermindering in belasting

1.1.8 'n Wêreldwye probleem wat 'n impak op die wisseling in weerpatrone het, staan as ... bekend.

- A biodiversiteitsverlies
- B chemiese afval
- C klimaatsverandering
- D gevaarlike afval

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Koste-voordeel-ontleding	A	mense wat deur Suid-Afrika na 'n ander land reis
1.2.2	Kunsmatige monopolie	B	hulpbronne wat op so 'n wyse toegeken word dat niemand beter daaraan toe is sonder dat iemand anders slegter daaraan toe is, nie
1.2.3	Skaalvoordele	C	'n instrument wat deur die regering gebruik word om openbare projekte te evalueer
1.2.4	Pareto-doeltreffendheid	D	storting van skadelike stowwe in riviere
1.2.5	Transito-toeris	E	kom voor wanneer die totale vraag na goedere en dienste die totale aanbod van goedere en dienste oorskry en tot prysstygings lei
1.2.6	Waterbesoedeling	F	bestaan as gevolg van hindernisse tot toetrede wat nie ekonomies van aard is nie
1.2.7	Produktiwiteit	G	daling in gemiddelde produksiekoste per eenheid soos wat uitset toeneem
1.2.8	Vraagtrek-inflasie	H	uitset word opgeoffer as gevolg van onderbenutting van hulpbronne
		I	styging in uitset met dieselfde faktorinsette

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.
- 1.3.1 'n Markstruktuur waar firmas verskillende verpakings gebruik om hul produkte te bemark
- 1.3.2 'n Situasië waar firmas deur die wet toegelaat word om pryse bo die markewewigsprys te vra
- 1.3.3 'n Periode waar ten minste een produksiefaktor vas is
- 1.3.4 Die direkte regulering van 'n nywerheid of aktiwiteit deur wetgewing wat voorskryf wat toegelaat word en wat onwettig is met betrekking tot besoedeling
- 1.3.5 Finansiële ondersteuning deur die owerheid om die produksie van 'n goed of diens te ondersteun
- 1.3.6 Die toeken van regstitels tot grondeienaarskap sodat mense daarna sal omsien (6 x 1) (6)
- TOTAAL AFDELING A: 30**

AFDELING B

Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.


VRAAG 2: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van 'n volmaakte markstruktuur. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoe word oligopoliste deur die vorming van 'n kartel bevoordeel? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



2.2.1 Watter kromme word gebruik om die aanbod van die firma te bepaal? (1)


2.2.2 Identifiseer die hoeveelheid by winsmaksimering. (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *marginale inkome*. (2)

2.2.4 Wanneer sal 'n firma in 'n volmaakte mark sy bedrywighede staak? (2)

2.2.5 Gebruik die grafiek hierbo om die tipe wins wat deur hierdie firma gemaak word, te bepaal. Toon ALLE korrekte berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die spotprent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



- 2.3.1 Bepaal die aard van die produk wat in hierdie markstruktuur verkoop word. (1)
- 2.3.2 Watter tipe wins maak monopolistiese mededingers oor lang termyn? (1)
- 2.3.3 Beskryf kortliks die term *hibriede struktuur*. (2)
- 2.3.4 Hoekom misluk 'n monopolie in die bereiking van produktiewe doeltreffendheid? (2)
- 2.3.5 Hoe handhaaf oligopoliste hulle markaandeel? (2 x 2) (4)
- 2.4 Gebruik TI- en TK-krommes en trek 'n korrek benoemde grafiek om kortliks te verduidelik hoe 'n firma in 'n volmaakte mark wins maksimeer. (8)
- 2.5 Skryf in breë trekke die uitdagings wat die mededingingsbeleid in Suid-Afrika in die gesig staar in die bereiking van hulle doelwitte. (8)
- [40]**


VRAAG 3: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 30 MINUTE

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem enige TWEE voorbeelde van terreine in Suid-Afrika wat kulturele toerisme bevorder. (2 x 1) (2)

3.1.2 Wat is die negatiewe impak van 'n styging in indirekte belasting op goedere en dienste? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



[Aangepas uit StatsSA, Julie 2020]

3.2.1 Gedurende watter maand in 2020 was die inflasiekoers buite die teikengrens? (1)

3.2.2 Bepaal die styging in die inflasiekoers tussen Junie 2020 en Julie 2020. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *produksieprysindeks*. (2)

3.2.4 Verduidelik die rede vir die uitsluiting van sekere items in die VPI-mandjie wanneer kerninflasie bereken word. (2)

3.2.5 Hoe sal 'n styging in maatskaplike- en werkloosheidtoelaes inflasie beïnvloed? (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

DIE TOESTAND VAN DIE OMGEWING

Die kritieke risiko's van klimaatsverandering hou wêreldwyd 'n groot gevaar vir onderwysprestasie in. In Suid-Afrika word alle finale eksamens geskryf wanneer temperature so hoog as 53 grade is – sommige word selfs in skeepsvraghouers geskryf wat as klaskamers dien.

Aan die ander kant word baie spesies wat dringend gered moet word, vergeet. Spesies, van ietermagô's tot luislange, word deur stropers aan winsgewende markte verkoop. Massa-ontbossing bedreig tropiese woude se biodiversiteit en ekosisteem.

[Aangepas uit *Mail & Guardian*, 2019]

- | | | |
|-------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|-------------|
| 3.3.1 | Identifiseer die begrip wat met die verwydering van bome verband hou. | (1) |
| 3.3.2 | Noem EEN organisasie wat veldtogte loods vir die volhoubare gebruik van die omgewing. | (1) |
| 3.3.3 | Beskryf kortliks die term <i>gevaarlike afval</i> . | (2) |
| 3.3.4 | Verduidelik die manier waarop die Konvensie oor die Internasionale Handel in Bedreigde Spesies (KIHBS) poog om biodiversiteitsverlies te verminder. | (2) |
| 3.3.5 | Hoe kan die owerheid die uitwissing van dierspesies hanteer? | (4) |
| 3.4 | Bespreek die negatiewe uitwerking van gronderosie op die omgewing. (4 x 2) | (8) |
| 3.5 | Hoe sal lae inflasieverwagtings deur die verbruiker inflasie binne die teikengrens hou? | (8) |
| | | [40] |

VRAAG 4: MIKRO-EKONOMIE EN KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES
40 PUNTE – 30 MINUTE

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem enige TWEE van die vernaamste internasionale ooreenkomste oor volhoubare ontwikkeling. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoekom bevoordeel homogene produkte verbruikers? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

ELEKTRISITEITSPRYSE SAL VOLGENDE JAAR MET 15% STYG

Grootmaat-elektrisiteitpryse gaan volgende jaar met 15% styg, na Eskom se oorwinning in die hof. Dit sal nie noodwendig direk in huishoudelike rekeninge weerspieël word nie. Eskom en die Nasionale Energiereguleerder van Suid-Afrika (NERSA) het mekaar in die hof aangevat oor NERSA se besluit om 'n R69 miljard ekwiteitsleuenslyn uit Eskom se toelaatbare inkomste af te trek. Eskom het misluk om ekonomiese wins op beide kort en lang termyn te bereik.

[Aangepas uit *Business Insider*, Augustus 2020]

4.2.1 Watter tipe monopolie word in die uittreksel hierbo bespreek? (1)

4.2.2 Wat bepaal die hoeveelheid wat deur 'n monopolie verkoop word? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese wins*. (2)

4.2.4 Verduidelik die relatiewe onelastiese aard van die vraagkromme vir die monopolis. (2)

4.2.5 Hoekom is dit moeilik om tot 'n monopolie mark toe te tree? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

BEMARKBARE PERMITTE BEHEER VRYSTELLINGS



Reguleerders pas dikwels bemarkbare permitte op omgewingsbeleide toe. Dit is gebaseer op die beginsel dat 'n styging in vrystellings deur 'n gelykwaardige daling elders vergoed moet word.

[Aangepas uit <https://slideplayer.com>]

- 4.3.1 Watter staatsdepartement is verantwoordelik vir die toestaan van bemarkbare permitte? (1)
- 4.3.2 Noem EEN markverwante maatreël om die omgewing te beskerm. (1)
- 4.3.3 Beskryf kortliks die term *bemarkbare permitte*. (2)
- 4.3.4 Verduidelik die effek van koolstofvrystellings op landbouproduksie. (2)
- 4.3.5 Hoe dra groenbelasting tot die bevordering van 'n meer volhoubare omgewing by? (2 x 2) (4)
- 4.4 Verduidelik kortliks, met behulp van 'n korrek benoemde grafiek, hoekom dit vir oligopolieë raadsaam is om teen markprys te verkoop. (2 x 4) (8)
- 4.5 Hoe moedig die owerheid produsente aan om inflasie te bestry? (8)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoord sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding <ul style="list-style-type: none"> 'n Goeie begin is om die sleutelkonsep wat in die vraag voorkom, te definieer of te omskryf Die inleiding mag nie enige deel van die vraag insluit nie Moenie enige gedeelte van die liggaam in die inleiding bespreek nie Vermag om in die inleiding te sê wat jy in die liggaam gaan bespreek 	Maks. 2
Liggaam Hoofgedeelte: Bespreek in besonderhede/Diepgaande bespreking/ Bespreek krities/Ontleed (Analiseer)/Vergelyk/Evalueer/ Onderskei/ Verduidelik/Assesseer/Debatteer/Gebruik die gegewe grafiek en ontleed/ Voltooi die gegewe grafiek Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Bereken/Lei af/Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/ Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor	Maks. 26 Maks. 10
Slot Enige hoëorde-slot behoort die volgende in te sluit: <ul style="list-style-type: none"> 'n Kort samevatting van dit wat bespreek is, sonder die herhaling van enige feite wat reeds genoem is Enige opinie of waardeoordeel oor die feite wat bespreek is Addisionele ondersteunende inligting wat die bespreking/ontleding versterk 'n Teenstrydige sienswyse met motivering, indien gevra Aanbevelings 	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MIKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

- Bespreek die oorsake van markmislukking in detail. (26 punte)
- Hoe effektief was staatsbesteding in die hantering van markmislukking? (10 punte) **[40]**

VRAAG 6: KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES 40 PUNTE – 40 MINUTE

- Bespreek die voordele van toerisme in detail. (26 punte)
- Assesseer die impak van Covid-19 op die toerismebedryf. (10 punte) **[40]**

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150